AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Spesialis*:

## INTERNE GEHALTEVERSEKERING EN OUDIT

PRETORIA

Akademia is ’n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het tans ’n spesialispos in die Kantoor van die Registrateur beskikbaar.

## POSDOELSTELLING

Die doel van hierdie pos is om leiding te bied om ’n kultuur van volgehoue gehalteverbetering en refleksiewe denke te vestig en te bedryf. Die pos is daarvoor verantwoordelik om Akademia se gehalteversekeringstelsel strategies en operasioneel te lei. Die pos fokus op die ontwikkeling, implementering en volhoubare bestuur van ’n robuuste, geïntegreerde gehalteversekering- en ouditstelsel. Die pos sluit noue samewerking met fakulteite, administratiewe afdelings en die uitvoerende bestuur in.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- ontwikkeling, implementering en hersiening van die instelling se interne gehalteversekeringsraamwerk en -beleide
- gereelde interne oudit, steekproefkontroles en inspeksies van prosedures, prosesse en meganismes wat in plek moet wees
- verseker dat ondersteunende dokumente in plek is om nakoming van standaarde en regulasies te na te gaan
- fasiliteer voorbereiding vir eksterne oudits en bestuur opvolgaksies in samewerking met fakulteite en afdelings, gebaseer op bevindings
- fasiliteer werksessies en opleiding van fakulteite en afdelings rakende die implementering en monitering van interne ouditprosesse
- dien as ’n kundige in gehalteversekeringstandaarde en regulatoriese vereistes
- verskaffing van gestruktureerde, toepaslike en tydige verslae aan die registrateur en uitvoerende bestuur om datagedrewe besluitneming te ondersteun
- deurlopende evaluering van prosesse en die voorstel van veranderings om doeltreffendheid en voldoening te bevorder

## POSVEREISTES

- ’n meestersgraad in Monitering en Evaluering, Opvoedkunde (Kurrikulumstudies), Bestuurswetenskappe of ’n verwante vakgebied (NKR-vlak 9) (’n geoktrooieerde graad sal ’n sterk aanbeveling wees)
- deeglike kennis van die hoër onderwyskonteks, -standaarde en -regulasies
- insig in die Raad op Hoër Onderwys se gehalteversekeringsraamwerk (*QAF*) en die toepassing daarvan
- minimum van sewe (7) jaar ondervinding in ’n senior gehalteversekeringsrol binne hoër onderwys
- bewyse van betrokkenheid by die ontwikkeling van gehalteversekeringsraamwerke en voorbereiding vir eksterne oudits
- kennis van internasionale standaardbeginsels (ISO 9001, HACCP of IIA-standaarde*)* en die toepassing daarvan
- kennis van nasionale beleidsraamwerke en risikobestuurspraktyke (King iv & v; COSO)

## VAARDIGHEDE

- uitstekende data-analitiese, interpersoonlike en skriftelike kommunikasievaardighede
- sterk analitiese en probleemoplossings-vaardighede vir kernoorsaakanalise
- uitstekende oog vir detail rondom monitering, evaluering en dokumenthersiening
- tegniese vaardighede in relevante sagteware en stelsels
- databestuur, analise en interpretasie om bewysgevestigde besluite te kan neem

Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV’s sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op** **23 Februarie 2026** **ingedien word.** Stuur ’n e-pos met jou Afrikaanse CV na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.